

23 Maart

Lukas 9:28-36, (Teks: 9:29)

Jesus se metamorfose met ons

Jesus sonder Hom af in gebed en dan gebeur hierdie wonderlike ding. DIE VOORKOMS VAN SY GESIG HET ANDERS GEWORD. Hier staan direk: Hy het 'n metamorfose ondergaan. Dié moeilike woord beteken 'om te verander'. Die sywurm word 'n papie en daarna weer 'n skoenlapper. So verander Jesus van voorkoms. En nie net sy gesig nie: SY KLERE HET BLINK GEWORD, BAIE WIT SOOS SNEEU, WIT SOOS GEEN BLEIKER OP AARDE DIT KAN MAAK NIE (53-vert.). In DIE BYBEL word elke keer die opskrif gebruik: DIE VERHEERLIKING. Van die heerlijkheid van God lees ons reeds in die OT (Eks 24, 29, 34). Elke keer as God iemand van die volk, of die volk ontmoet, bly daar iets van sy glansryke heerlijkheid agter. Dit weerspieël iets van die boardse, hemelse. Die hemelse verskil van die aardse soos 'n papie van 'n skoenlapper, 'n onbeskryflike glinstering. As Jesus se voorkoms verander vertoon Hy iets van die hemelse voorkoms. Wie die magtige teenwoordigheid van God ervaar, word met Sy glans vervul. Wie in gemeenskap met God leef sal eendag die aardse aflê en met Goddelike eer en heerlijkheid gekroon word. Vers 31 sê: MOSES EN ELIA HET IN HEMELSE GLANS VERSKYN. Hulle het reeds eeue gelede gesterf en as hul sou verskyn is dit met die hemelse glans. Petrus, wat by was op die berg, sê: GOD HET ONS GEROEP TOT SY EWIGE HEERLIKHEID (1 Pt. 5). Stefanus sterf en sien die heerlijkheid van God (Hd. 7). Hier op aarde dra ek die aardse - met minder eer gekroon. 1 Kr. 15 sê egter: HIERDIE VERGANKLIKE MOET MET ONVERGANKLIKHEID BEKLEE WORD. Fil. 3:21 - HY SAL ONS VERNEDERDE LIGGAAM VAN GEDAANTE VERANDER (metamorfose) OM GELYKVORMIG TE WEES AAN SY VERHEERLIKTE LIGGAAM. Deur die bloed van Jesus wag ook die heerlijkheid vir jou en jou dierbares.

Ds. L.D. Aucamp (Cullinan)